# BRIDGING THE GAP



## Dissipelskapreeks September en Oktober 2018

## SA GEMEENTE LONDEN

## Kleingroepe

**Week 5: LEEF**

*Daar is 'n "gap"(gaping) tussen wie ons is en wie die Here wil hê ons moet wees. As ons Jesus wil volg, sy dissipels wil wees, wil leef soos Hy geleef het, moet ons hierdie gaping oorsteek.*
*Om 'n dissipel van Jesus te wees vra van jou om 'n paar belangrike besluite te neem – en dit is meer as om net 'n keuse te maak, dit is iets wat jy doelbewus en aktief sal moet gaan doen.*



***Gesels heel eerste oor hierdie vraag:***

**Hoe gaan dit met jou verhouding met die Here** of in ander woorde waaraan meet jy die gesondheid/diepte/erns van jou verhouding met die Here?

*(Dit is moontlik dat die sake waaraan mense hulle verhouding met die Here meet, meestal aktiwiteite is soos bybelstudie, gebed, sonde, getuienis, kerkbywoning...)*



***Gesels nou oor hierdie vraag:***

Wat sê **Galasiërs 5:22** het vrug hiermee te doen?

**In watter mate beteken dit dat ons van God afhankllik moet wees, aan Hom ge-*connect*- moet bly? Dit is tog God wta ons van die binne-kant af verander...**

**LEES/READ – Jakobus 2:14-26 en 2 Petrus 1:3-8**



**Wat tref jou met so 'n eerste lees van hierdie 2 die teksgedeeltes?**

**Die spanning in geloof is altyd die vraag: Wat doen God en wat doen ek....?**

**-**want Petrus sê dat **God se krag gee my alles** wat ek nodig het om te lewe en om Hom te dien (2 Pet 1:3)

**-** en Jakobus sê dat ek my geloof moet leef, maw dit moet in dade oorgaan en **my dade bevestig my geloof** (Jak 2:14, 26)



**Jakobus is baie duidelik daaroor dat dit nie help dat ons net sê dat ons glo nie, ons moet ons geloof leef.**

**Wat sê die volgende verse daaroor?**

- **v 15-17**

- **v 18**

- **v 19**

- **v 21-22**

- **v 26**

As ons Jakobus reg verstaan wil hy sê dat **geloof en dade nie losgemaak kan word van mekaar nie.** Dit is nie 'n saak van of die een of die ander nie**. Geloof kan nie anders as om geleef te word nie, anders is dit nie geloof nie!**



**So dalk gaan geloof oor vrug én oor die regte keuses maak/aktiwiteite doen?**

**Lees weer 1 Petrus 1:5-8.**

**Watter sake noem Petrus hier –** *wat tog goed is wat ons moet gaan doen... (dit sal help as julle dit in ander vertalings ook lees om die betekenis van die begrippe nog duideliker te maak.)*

**Bid oor die volgende saak:**

- **Bid dat die Here julle van binne af sal verander**

- **Bid vir afhanklikheid van sy krag, om reg te leef**